

**2018 Noordwes 223 en Noordwes Ope**  
*Geborg deur*



Die 2018 Noordwes 223 en Noordwes Ope is geborg deur **GameX** van **Suidwes ko-operasie** en is aangebied op onderskeidelik Vrydag 2 Maart en Saterdag 3 Maart op die plaas Witgatboom tussen Bloemhof en Christiana. Daar was die naweek meer as R100 000.00 se pryse op die spel met die komplimente van hoofborg **GameX** van Suidews en AgriNet, Rapala Sabatti, Sniper en SSG Rifle bags.

**Noordwes 223**

Vrydag was daar 19 deelnemers wat wat deelgeneem het aan die 223 skiet. Die skuts het omstreeks 14H00 bymekaar gekom en daarna in twee groepe deur die bane beweeg. Dit was mooiweer en warm met 'n ligte windjie.

Die 2018 Noordwes 223 is gewen deur Henk Brink van die Noord-Kaap met 'n telling van 670/900, gevolg deur Willem Maree van Vrystaat tweede en Stephan van Wyk van Noordwes derde, beide met 615/900 met net die uittel vanaf baan 1 wat die posisies bepaal het.

Die dag is afgerond deur 'n lekker bui reën wat welkome verligting gebring het na die warm dag in die Noordwes son.

**Noordwes Ope**

Saterdag was daar 145 inskrywings waarvan 138 die bane voltooi het. Registrasie het omstreeks 07H00 begin, gevolg deur die amptelike opening. Die skiet het omstreeks 09H00 begin. Dit was weer 'n mooiweer en warm dag maar die windjie was sterker as die Vrydag wat die skuts laat bondstaan het.

Die bane was as vlog uiteengesit:

Baan 1: Kniel met enkelstok, Springbok (160m)

Baan 2: Staan met drie-been stok, Gonge (282m, 166m, 317m, 298m en 230m)

Baan 3: Vryhand staan, Blesbok (78m)

Baan 4: Enige posisie bo-oor buiteband, Gonge (293m, 355m, 249m, 270m en 185) – Lê was nie moontlik nie.

Baan 5: Lê dooie rus oor voermol sak, Jakkals (334m)

Baan 6: Vryhand sit, Vlakvark (137m).

Die 2018 Noordwes Ope is gewen deur Eddie Robertson van Noordwes met 'n telling van 775.8/900, gevolg deur Stephan van Wyk, ook van Noordwes met 752.8/900 en Piet Breedts van Gauteng in die derde plek net 750.7/900. 'n Opsomming van die verkillende klasse volg aan die einde.

Daar was ook 'n bonus Baan 7 vir die skuts se plesier wat nie deel was van die kompetisie uitgemaak het nie. Hier kon skuts vir R50 'n Gong op 350m aandurf met die geborgde Sabatti 308 geweer van:



Elke skut wat ingeskryf het vir die Noordwes Ope het 'n kaartjie vir die gelukstrekking van 'n Howa 223 geweer gekry. Vir elke R50 waagbeurt met die Sabatti het die skut 'n verdere kaartjie asook twee pette ontvang. As die skut die gong raakgeskiet het, het hy/sy nog 'n kaartjie vir die trekking ontvang. Die bepaling was dat die persoon teenwoordig moet wees met die trekking tydens die prysuitdeling. Die 223 Howa is deur Gerrie Meintjies gewen tydens die trekking.

Ons was weereens geseën met laat namiddag reën na afsluiting van die verrigtinge.

Geluk aan al die skuts met hul resultate en dankie aan almal wat die Noordwes 223 en Ope bygewoon het.

Baie dankie aan Noordwes se bestuur en helpers wat die naweek 'n reuse sukses gemaak het.

Laaste maar nie die minste nie, baie dankie aan al die borge en uitstallers. Julle bydrae word opreg waardeer.



# Agrinet

**RAPALA**  
South Africa Distributors (Pty) Ltd.



Your Expert In Hooks



# Sabatti



Ek groet jou.  
Stephan.

## Noordwes Ope 2018

	Pos	Surname	Name	Initials	Province	Class	Next Shoot Status	Totaal /900
Gold	1	Robertson	Eddie	E	NW	Men	Gold	776
	2	Van Wyk	Stephan	JS	NW	Men	Gold	751
	3	Breedt	Piet	PJ	GP	Senior 50-59	Gold	751
Silver	1	Vorster	Jakobus	JB	FS	Men	Silver	670,5
	2	Coetzee	Louis	L	NW	Men	Silver	655,5
	3	Boshoff	Tracey	TM	FS	Ladies	Silver	625,7
Bronze	1	Muller	NP	NP	NW	Men	Bronze	565
	2	Esterhuyzen	Jacques	J	NC	Men	Bronze	550,4
	3	Maritz	Chris	CS	NW	Men	Bronze	530
Penkoppe	1	Sevenster	Eckhard	E	GP	Penkop u13	Silver	210
	2	0	0	0	0	0	0	0
	3	0	0	0	0	0	0	0
Juniors	1	Ferreira	Anlo	A	SC	Junior u16	Silver	420,5
	2	Pienaar	Sarita	???	FS	Junior u16	NonMem	420,3
	3	Viljoen	Anè	A	SC	Junior u16	Bronze	265,2
Ladies	1	Boshoff	Tracey	TM	FS	Ladies	Silver	625,7
	2	Van Zyl	Junita	J (Mev)	SC	Ladies	Gold	465,7
	3	Lerm	Amanda	AE	SC	Ladies	Silver	365
Seniors	1	Breedt	Piet	PJ	GP	Senior 50-59	Gold	750,7
	2	Roets	Antoon	AP	NW	Senior 50-59	Gold	705,5
	3	Van Tonder	Flippie	PL	GP	Senior 50-59	Gold	626
Veterans	1	Hattingh	Gavie	GJ	GP	Veteran o60	Silver	520,4
	2	Wentzel	Ian	JJ	NW	Veteran o60	Bronze	415
	3	Farnham	Jimmy	JJ	SC	Veteran o60	Silver	320,3
Non-Mem	1	Maritz	Andries	A	NW	Men	NonMem	600
	2	Hugo	Pieter	PF	FS	Men	NonMem	590,5
	3	Weideman	CJ	???	FS	Men	NonMem	585,5
Overall	1	Robertson	Eddie	E	NW	Men	Gold	775,8
	2	Van Wyk	Stephan	JS	NW	Men	Gold	750,8
	3	Breedt	Piet	PJ	GP	Senior 50-59	Gold	750,7
	4	Botha	Paul	PP	MP	Men	Gold	715,9
	5	Burger	Thinus	MS	NW	Men	Gold	710,5
	6	Roets	Antoon	AP	NW	Senior 50-59	Gold	705,5
	7	Van Der Westhuizen	Pieter	PJ	NC	Men	Gold	705,5
	8	Potgieter	Sarel	S	NW	Men	Gold	700
	9	Van Zyl	Revo	R	KZN	Men	Gold	675,5
	10	Van Niekerk	Jacoos	JM	FS	Men	Gold	675,5















